Maandag 12 Oktober
Skrifgedeelte: Efesiërs 4:9-16
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:15
Waarheid of liefde?

Wat is belangriker: Waarheid of liefde? Dink aan 'n kind wie se ouers so streng korrek is oor alles, en gepas tug, maar dit nooit doen in 'n klimaat van liefde en omgee nie. Hoe gaan daardie kind uitdraai? Dink aan die ander kant aan 'n kind wat net altyd drukkies en 'n glimlag kry, maar nooit hoor as hulle verkeerd optree nie. Hoe gaan daardie kind uitdraai? Liefde en waarheid loop saam.

Dit geld nie net vir kinders nie, dit geld vir alle mense. En dit geld veral vir hoe gelowiges met mekaar omgaan: ons wat glo dat ons die waarheid oor liefde beet het!

Jy kan koud en klinies by die waarheid bly, maar dit liefdeloos aanbied. En, hoe reg jy dalk is in jou teorie oor die waarheid, kan jy dus 100% verkeerd wees ten opsigte van jou liefde. Net so kan jy ook hóé lief en gaaf wees, as jy nie die waarheid praat nie, gee jy nie regtig om nie. Liefde én waarheid wat saam gebruik word, is die medisyne wat Christus se liggaam opbou.

In ons gedeelte word gawes vir die kerk gegee, gawes wat sal help keer dat die kerk deur die winde van dwaalleer heen en weer gewaai word. Maar, daar moet in liefde by die waarheid gebly word. Dit is dán wanneer ons sal opgroei na Christus om soos Hy te wees. Dit is tog Hy wat die waarheid met ons praat oor ons sonde, maar dit in liefde doen. Dit is tog Hy wat vir ons liefde bewys aan die kruis, en ons oproep om op die vaste rots van die waarheid van sy woorde te bou, sodat ons die storms kan weerstaan. Liefde en waarheid loop altyd saam, veral vir gelowiges wat reken jy het die waarheid oor liefde.

Wanneer jy voel jy is so "reg" jy kan kortpad vat en met minder liefde wegkom, is jy nie meer reg nie. Wanneer jy voel jy wil nou liefde wys en daarom die waarheid buig of verswyg, is jy nie meer lief nie. Laat ons in liefde by die waarheid bly, en so in alle opsigte groei na Christus toe.

*Sing: Skrifberyming 9-4:1*

*Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)*